NUUSBRIEF Nr. 16 **Oktober 2016**

www.u3astilbaai.org info@u3astilbaai.org

MAANDELIKSE ALGEMENE VERGADERING

Maandag 31 Oktober 2016, 09h00 vir 09h30.
Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

'Wild Rescue': 'n skuilplek vir diere en natuurreservaat.

Gill Simpson.

Gill Simpson is die stigter en Uitvoerende Direkteur van Wild Rescue, 'n skuilplek vir wilde diere by die Klipfontein Natuurreservaat noord van Stilbaai. Sy is 'n senior skool onderwyser met 'n nagraadse graad in Bemarking, en het 'n suksesvolle loopbaan as senior strategis en media direkteur in die advertensie-wese gehad. Gill het 'n passie vir wilde diere en diere-regte, en is in die proses om 'n sentrum vir die rehabilitasie van wilde diere op Klipfontein te vestig. Sy was onlangs bestuurder by die Jane Goodall Instituut se Chimp Eden buite Nelspruit in Mpumalanga.

Gill praat met ons oor rehabilitasie van wilde diere en die vestiging van die skuilplek.

Gaste en nie-lede is welkom by die praatjie, toegang is gratis.

KENNISGEWING

Ons neem met leed kennis dat Roberto Anastagi hierdie week oorlede is. Lede sal onthou dat Roberto by ons Augustus algemene vergadering 'n interessante praatjie gelewer het oor geskiedkundige en onlangse verwikkelings in wat nou moderne Sirië is. Ons innige medelye en ondersteuning gaan aan Reinette.

LIDMAATSKAP

U3A Stilbaai het nou 122 opbetaalde lede. Vyf-en-twintig persone wat verlede jaar aangesluit het, het nie hul lidmaatskap hernu nie, maar ons hoop dat sommige weer een of ander tyd sal aansluit. Ten spyte hiervan groei ons ledetal steeds, nuwe lede sluit aan by elke algemene vergadering.

Alhoewel ons die "goeie woord" oor U3A Stilbaai probeer versprei, is daar baie mense in Stilbaai wat nog nie weet wat ons doen nie, en hoe hullle sal baat deur lidmaatskap van U3A. Versprei asseblief die woord aan vriende, familie en kennisse, moedig hulle aan om net een algemene vergadering by te woon, dalk sal hulle ook aansluit.

Ons het enkele lede wat nie epos het nie, hulle ontvang dus nie ons nuusbrief en ander kennisgewings nie. As ons 'n spesiale versoek kry, sal ons die nuusbrief uitdruk vir sulke lede, maar as ons 'n aantal moet druk sal hulle moet betaal daarvoor. Kennisgewings van ons algemene en spesiale vergaderings is nou op die kennisgewingsborde by die Biblioteek, Spar en OK Grocers.

DIT EN DAT …

Algemene Vergadering op 26 September.

Jan de Vynck het met ons gesels oor hoe argeoloë gewoontlik net gedeeltes van legkaarte kry, maar staat maak op multi-dissiplinêre studies om hul bevindings te interpreteer. In die navorsing vir sy PhD gebruik Jan eksperimente met moderne analoë om te wys hoe steentydperk mens oorleef het.

Hy het voorbeelde van hoe hierdie mense bestaans-ekonomiese strategieë gebruik het – die intergety seekos bronne, bolplante vir koolhidrate, en plaaslik beskikbare hout en die verbrandings temperature van verskeie houtsoorte. Jan het baie inligting met ons gedeel, en ons wens hom sukses toe met sy PhD.

Jagersbosch Fonds.

U3A Stilbaai het hierdie fonds geskep om Die Waenhuis se fasiliteite as 'n openbare lokaal te verbeter. 'n Projeksie skerm is aangekoop vir R2,622 en ons het dit installeer. Die komitee nooi nou ander organisasies in Stilbaai, wat ook die fasiliteite van tyd tot tyd gebruik, om ook by te dra vir die aankoop van 'n data-projektor; die koste van 'n hoë-definisie projector is ongeveer R6,000.

Die wyn uitloting in September het R246-20 gelewer, en ons erken met dank donasies van Chris Pretorius (R100), Max Döckel (R250), Hessequa Vereniging vir Argeologie (R1,000), en die Stilbaai Skrywerskring (R1,000). Dankie aan almal en ook aan die Stilbaai Belangeforum wat R500 belowe het. Vir 'n volle lys van alle bydraes, besigtig die 'Jagersbosch Fonds' blad op ons webtuiste: *www.u3astilbaai.org*.

Ons verwelkom enige bydraes tot die Jagersbosch Fonds van enige lid of organisasie, selfs anonieme bydraes.

Donasies kan by die maandelikse algemene vergadering gemaak word, of kan in ons bankrekening inbetaal word: ABSA Sake Spaarrekening:– Naam: U3A Stilbaai; Nr.: 9321782429; Kode: 632005, vul asseblief 'Jagersbosch Fonds' in as die verwysing; en epos ons by *bank@u3astilbaai.org* om betaling te bevestig.

Ons sal weer 'n bottel wyn by die Oktober vergadering uitloot ten bate van die Fonds.

Naamplaatjies.

Ons sal verlore naamplaatjies vervang teen R5 elk, vra asseblief vir Brian of Cheryl by die algemene vergadering as u 'n vervanging benodig, of epos Brian by *info@u3astilbaai.org* sodat ons die nuwe plaatjie vir u het by die volgende algemene vergadering.

U3A STILBAAI KURSUSSE

Kursusse is net vir lede. Die volgende kursusse is reeds óf aan die gang óf in beplanning:

- **Kuns vir Beginners** : Teken of verf in medium van u keuse – vergader die eerste Donderdag van elke maand. Kontak Julie op *wilson.julie222@gmail.com*.
- **Stapgroepe** : Die groep stap elke Vrydag oggend, kontak Cheryl op *cheryl@kmintsa.co.za*.
- **Historiese Toere** : Toere van Stilbaai, Jongensfontein, Riethuiskraal en Melkhoutkraal word beplan, dié sal in herfs 2017 aangebied word wanneer die weer beter is. Getalle vir die toere is beperk – kontak asseblief Hella op *dockel@vodamail.co.za* om aan te dui of u belangstel. Die dag en tyd van die toere sal in Maart finaliseer word.
- **Italiaanse Kookkuns** : Reinette se eerste twee kursusse was baie populêr. Sy sal aanhou met die kursusse, en Euchie Yazbek sal ons in Januarie 2017 wys hoe om moussaka voor te berei. Getalle word beperk tot 8 per kursus. Bespreek asseblief u plek by Stefan op *info@u3astilbaai.org*.
- **Kuns waardering** : Bonnita Davidtsz offer hierdie kursus aan vroeg in 2017. Kontak haar asseblief op *wingover@myconnection.co.za*.
- **"TED Talks"** : "Dan Ariely: Are we in control of our own decisions?" - 16 November @ 18h00.
  Hierdie is die eerste van 'n nuwe reeks kursusse wat ons voorlopig "TED Talks" sal noem; hierdie een is op 16 November om 18h00 in Die Waenhuis, Jagersbosch. Ons speel 'n YouTube opname van die oorspronklike praatjie by 'n TED byeenkoms, dit is so 15-20 minute lank; daarna bespreek die lede die inhoud, lewer komentaar, stem saam of stem nie saam nie. Kontak asseblief vir Stefan by *info@u3astilbaai.org* as u belangstel in hierdie eerste TED praatjie.
  Van volgende jaar sal die "TED Talk" op die derde Woensdag van elke maand gehou word; ons sal lede vra om onderwerpe voor te stel uit die 4,800 praatjies beskikbaar van TED, of ons sal 'n

kort lys per epos uitstuur en vra vir voorkeure vir elke maand se onderwerp. Kontak Stefan by *info@u3astilbaai.org* vir meer inligting.

[Ted is 'n onpartydige beweging sonder winsmotief wat daarop gestel is om idees te versprei, gewoonlik in die vorm van kort, kragtige praatjies. TED het in 1984 begin as 'n konferensie waar Tegnologie, die Vermaaklikheidbedryf en Ontwerp ("Technology, Entertainment & Design") saamgekom het; vandag dek dit alle vakgebiede – van wetenskap tot sake aangeleenthede tot wêrelds kwessies. Kry meer inlgting by *www.ted.com*.]

Kontak ons gerus as u terugvoering het oor enige van ons kursusse, of voorstelle het vir nuwe kursusse wat ons kan aanbied. Epos: *info@u3astilbaai.org*.

KOMENDE PRAATJIES ...

- 28 November 2016: Dave & Sal Carter het vroeër hierdie jaar die suidelike Atlantiese Oseaan en Antarktika besoek. Kom geniet die reis saam met hulle, die foto's sal fantasties wees!

In Desember en Januarie het ons twee spesiale praatjies gereël, albei is sonsondergang vergaderings by Jagersbosch, dit begin 18h00. Ons verwag dat baie mense sal bywoon en dit mag nodig wees om getalle te beperk; dit mag dus wees dat "wie eerste kom, eerste sal sit".

- 28 December 2016: Marié Heese praat oor die navorsing vir en skrywe van haar nuwe boek "Maestro" – 'n roman oor die vormingsjare van die 17de eeu Italiaanse beeldhouer Gianlorenzo Bernini.
- 3 Januarie 2017: Hermann Giliomee se "Historikus – 'n Outobiografie" word in November vrygestel. Hy praat oor die boek en bied ook advies aan oor die skrywe van 'n outobiografie.

Ons program vir algemene en spesiale vergaderings is op die kennisgewingsborde by die Biblioteek, Spar en OK Grocers.

BESOEK ONS WEBTUISTE VIR MEER INLIGTING : WWW.U3ASTILBAAI.ORG